

Skriflesing: Openbaring 9: 1 – 21

Teks: **Openbaring 9: 1-3; 18**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 71:1,9**

TYDENS EREDIENS- Ps. 46:1; Ps. 130:1.2; Ps. 2:2,6; Ps. 68:14,16

Openbaring 9: 1 – 21

Rev 9:1 Die vyfde engel het toe op sy trompet geblaas. Ek het 'n ster gesien wat van die hemel af op die aarde geval het, en die sleutel van die skag na die onderaardse diepte is aan hom gegee.

Rev 9:2 Hy het toe die skag na die onderaardse diepte oopgemaak, en daar het rook uit die skag uit opgestyg soos die rook van 'n groot oond. Deur die skag se rook is die son verduister en het die lug donker geword.

Rev 9:3 Toe het daar uit die rook sprinkane oor die aarde uitgeswerm. Aan hulle is dieselfde vermoë gegee as wat skerpioene op aarde het.

Rev 9:4 Hulle is aangesê om nie die gras van die aarde, die plante en die bome kwaad aan te doen nie, maar net die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie.

Rev 9:5 Hulle is nie toegelaat om die mense dood te maak nie, maar wel om hulle vyf maande lank te pynig. Die pyn wat hulle veroorsaak, is soos die pyn as 'n skerpioen 'n mens steek.

Rev 9:6 In daardie tyd sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal hulle ontwyk.

Rev 9:7 Die sprinkane het gelyk soos perde wat regstaan vir oorlog. Op hulle koppe was daar iets soos krone wat gelyk het asof dit van goud is. Hulle gesigte was soos die gesigte van mense.

Rev 9:8 Hulle het lang hare gehad soos vrouens se hare, en hulle tande was soos dié van leeus.

Rev 9:9 Hulle borskaste was soos ysterharnasse. Die gedreun van hulle vlerke was soos die gedreun van baie strydwaens met perde wat opruk vir oorlog.

Rev 9:10 Hulle het sterte met angels soos dié van skerpioene; en in hulle sterte is hulle vermoë om die mense vyf maande lank kwaad aan te doen.

Rev 9:11 Hulle het die engel van die onderaardse diepte as koning oor hulle. Sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks het hy die naam Apollion.

Rev 9:12 Die eerste "Wee!" is verby. Kyk, daar kom nog twee hierna.

Rev 9:13 Toe het die sesde engel op sy trompet geblaas. Ek het 'n stem tussen die vier horings van die goue altaar voor God gehoor.

Rev 9:14 Die stem het vir die sesde engel, wat die trompet het, gesê: "Maak los die vier engele wat by die groot Eufraatrivier vasgemaak is."

Rev 9:15 Die vier engele wat gereed gehou is vir hierdie uur en dag en maand en jaar, is toe losgelaat om 'n derde van die mensdom dood te maak.

Rev 9:16 Die aantal perderuiters van hulle leërs was miljoene der miljoene en nog 'n keer soveel. Ek het hulle getal gehoor.

Rev 9:17 En in hierdie gesig het die perde en hulle ruiters só gelyk: hulle het vuurrooi, donkerblou en swaelgeel harnasse aangehad. Die perde se koppe was soos die koppe van leeus, en uit hulle bekke het daar vuur, rook en swael uitgekóm.

Rev 9:18 Deur hierdie drie plae, die vuur, die rook en die swael wat uit hulle bekke uitgekóm het, is 'n derde van die mensdom doodgemaak.

Rev 9:19 Die perde se vermoë om skade te doen, is in hulle bekke en ook in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee pynig hulle die mense.

Rev 9:20 Die ander mense, wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie, het hulle egter nie bekeer nie. Hulle het aangehou met die aanbidding van bese geeste en van afgode wat hulle self gemaak het van goud, silwer, koper, klip en hout, en wat nie kan sien of hoor of loop nie.

Rev 9:21 Hulle het hulle ook nie daarvan bekeer om moord, towery, onsedelikheid en diefstal te pleeg nie.

Skriflesing: Openbaring 9: 1 – 21

Teks: **Openbaring 9: 1-3; 18**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 71:1,9**

TYDENS EREDIENS- Ps. 46:1; Ps. 130:1.2; Ps. 2:2,6; Ps. 68:14,16

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as daar by u dalk enige twyfel bestaan dat Satan nie oor geweldige mag beskik nie, dan is Openbaring 9 daar om alle twyfel uit die weg te ruim. Satan

het 'n verskriklike mag, hy het baie sterk mag en hy gebruik daardie mag elke dag uitsluitlik om een doel nl. om te vernietig. Om jou geestelik uit te mergel, om die asem van die geloof uit jou uit te wurg, jou geestelik te versmoor, dat geestelike siektes en geestestoestande jou so aftakel dat as God jou nie help nie, jy nie kan opstaan nie.

Alles dui daarop dat God wat oor alle mag beskik God doen wat ons menslike verstand moeilik kan omvat maar soos dit hier staan, só het dit gebeur. God gee aan Satan 'n bepaalde bevoegdheid, 'n bepaalde mag wat Satan nooit uit homself sou verkry nie, maar daardie mag word in hierdie wêreld iets geweldig in hoe Satan die magte sal gebruik wat God aan hom wat Satan is gegee het. Dit raak nie net die sigbare van die lewe nie, maar juis die onsigbare. Jou geestestoestand, jou emosie, jou diep innerlike ...

In hfst. 8 het ons by die blaas van die eerste 4 trompette verskriklike magte oor die aarde sien losbreek, maar dit tref die oppervlakkig sigbare dele van die skepping. Die aarde, die droë grond, ja die grond waarop ons loop en lewe word getref met die eerste trompet, die see word getref met die tweede trompet, die vars waterbronne word getref met die derde trompet, en die vierde trompet tref die hittedraer, die son en ons het 2 weke gelede gewys aardverwarming en weerpatrone is nie dinge onaangeraak in God se openbaring aan Johannes nie. Dan sien Johannes skielik in hfst. 8 vers 13 'n arend wat direk die lug invlieg en al wat die arend uitroep is *wee, wee, wee die bewoners van die aarde*. Dit word vir die kerk 'n al hoe groter geestelike stryd om nog kerk te wees maar ook vir die individueel gelowige sak sy gemoed dikwels so diep weg dat depressie die naam geword het wat ons as mense aan ander mense gee wat so diep weggesak het.

Openbaring 9 wys hoe die Satan baie mense selfs die mense in die kerk op die rant van vernietiging plaas, ja in totale duisternis en oorgawe aan hom wat Satan is. Dat die kerk 'n instrument in die hande van Satan kan word, is nie alleen 'n moontlikheid nie, maar moet die vraag dalk al dringender gevra word hoeveel kerke het alreeds instrumente in die hande van Satan kon word. Moet ook nie die kerke in Suid-Afrika wil probeer uitsluit nie. Hoeveel Afrikaanse kerke is alreeds instrumente in die hande van Satan waar daar teoloë uit hierdie

Afrikaanse kerke na vore kom met die verregaande siening dat die Satan nie bestaan nie!
Presies waar die duiwel die kerk wil hê!

Openbaring 9 bring ons in die werklikheid van die demoniese wêreld wat ons op geen manier toelaat om saam met die wêreldse kore van ons tyd te wil sing en mense wil wysmaak dat die Satan nie bestaan nie. Dis seker een van die beste strategieë wat 'n vyand teen jou kan gebruik. As ek my vyand se mag onderskat dan is dit al 'n groot fout maar as jou vyand dit kan regkry dat jy sy hele bestaan ontken dan het die vyand jou presies waar hy jou wil hê. Dan kan hy mos ten volle toeslaan want jy is die minste voorbereid wat jy kan wees, jy dink dan hy bestaan nie. Jy is dan ten volle aan die vyand oorgelewer.

Openbaring 9 is 'n hoofstuk wat aan ons wys in hierdie wêreld van nou, ja jou dag tot dag bestaan, is 'n wêreld waarin jy moet rekening hou waarmee is die duiwel in jou lewe besig. Die blaas van die vyfde trompet is die inleiding. Johannes het 'n ster uit die hemel op die aarde sien val. Die ster is niemand anders nie as Satan homself. Dit staan heeltemal in lyn met Jesus se profesie in Lukas 10:18 as Jesus dit bevestig- *18 Toe sê Hy vir hulle: "Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val ... Dadelik sien Johannes in Openbaring dat Satan val nie alleen op aarde nie, maar daar word aan hom 'n sleutel gegee om die skag na die onderaardse diepte oop te maak. Die ouer vertaling staan: Daar is aan hom die sleutel van die put van die afgrond gegee. En dan raak Satan dadelik besig. Hy sluit daardie onderaardse skag oop. Die rook kry selfs die son verduister en dit maak die lug donker. Dié rook kom uit soos uit 'n groot oond maar nog meer aangrypend. Daar styg sprinkane op wat alles behalwe lyk soos gewone sprinkane. Hulle dra ook kenmerke wat Johannes aan skerpioene en perde en strydwaens herinner.*

Dadelik besef ons al die simboliek in die hoofstuk vervat staan nie los van die vorige hoofstuk nie. Satan kry besondere mag en dis mag waarbinne God hom die ruimte gegee het om ook die mensdom te straf. Kan u dit indink Satan staan ook maar net as instrument in God se hande al wil hy wat Satan is altyd teen God handel. God kan soos wat God natuurrampe kan gebruik om die onbekeerde mensdom te straf so word Satan ook gebruik om hulle wat hulle nie wil bekeer nie te straf. Die onbekeerde mens veroorsaak baie ellende op hierdie aarde. 'n Ellende

waarbinne hulle hulself dompel, waarin selfs Satan hulle seermaak, maar hulle wil net nie hoor nie en van bekering is daar nog minder sprake. Die einde van hoofstuk 9 as ons dit effens mag vooruitloop wys hoe die hardkoppigheid en hardhorendheid van die mensdom net al erger gaan word. Vv 20-21- *20 Die ander mense, wat nie deur hierdie plaë doodgemaak is nie, het hulle egter nie bekeer nie. Hulle het aangehou met die aanbidding van bose geeste en van afgode wat hulle self gemaak het van goud, silwer, koper, klip en hout, en wat nie kan sien of hoor of loop nie. 21 Hulle het hulle ook nie daarvan bekeer om moord, towery, onsedelikheid en diefstal te pleeg nie.* Kom ons sien waar dit begin. By Satan en by dit wat lyk soos sprinkane wat uit 'n rokende put opstyg.

As ons kyk hoe Satan die mens kan seermaak en die wêreld kan vernietig dan staan hierdie sprinkane met die mag van skerpioene nie los van God se mag nie. Soos Satan nie kan doen wat hy wil nie, ja hy is maar soos 'n hond aan 'n ketting. Die lengte van die ketting vorm die sirkel wat die hond se ruimte afperk waarbinne die hond mense kan byt wat in daardie ruimte inbeweeg. Die sprinkane lyk anders as die sprinkane wat ons wêreld hierdie laaste paar weke in baie groot plaë inbeweeg het. Hierdie sprinkane mag nie groen plante eet nie, hulle mag geen groenigheid of enige boom beskadig nie, ja hulle mag net die mense skade aandoen wat nie die seël van God op hulle voorkoppe dra nie. Die onverseëldes word gestraf. Alleen diegene van hfst. 7 kan hiervan vrykom.

Die simboliek gryp nog dieper. Dit word bereken as sprinkane regtig in hulle plaë toesak dan kan dit vir 5 maande van 'n jaar groot skade aanrig. Hierdie sprinkane wat die simboliek in Openbaring volmaak het ook 5 maande, 'n afgeperkte aantal maande wat ons natuurlik nie weet hoe lank so 'n vyf maande op God se horlosie kan wees nie. Die feit is hulle slaan toe in 'n vasgestelde tyd. Die verdere simboliek herinner ons die wêreldoorloë wat daar al oor die wêreld gewees het. So baie oorloë en hoe baie kan daar nog kom. Ons weet nie!

'n Verdere vraag - Hoe lyk die wapentuig wat mense bou om mekaar dood te maak. Dit verg nie baie verbeelding dat die profetiese vêrgesig wat Johannes homself voorgestel het dat die dinge wat hier aankom lyk soos sprinkane. Tog sien hy ook iets van 'n pantsering. Vinnig lyk dit ook soos gepantserde oorlogspere met borsharnasse van yster en hulle vlerke druis soos strydwaens

wat vir die oorlog opruk. Ons kan ons dit ook voorstel as helikopters of vegvliegtuie aangevlieg kom, dit druis, dit vir Johannes kon lyk soos 'n sprinkaan - gesig. Die opmerklike die sprinkane dra aan hulle sterte dit wat lyk soos die angel van 'n skerpioen. 'n Helikopter invlug, dalk selfs ook van die wêreld se vegvliegtuie met mortiere aan die agterkant of sykante gemonteer kon net sowel vir Johannes soos gelapte sprinkane gelyk het waar helikopters of van ons vegvliegtuie vir hom heeltemal ongekend was maar sy geestesoog sien in sy profetiese vêrgesig die goed wat aankom en die beste om dit mee te vergelyk is dit wat soos 'n sprinkaan lyk.

Die feit is hierdie gedoentes van Satan veroorsaak vernietiging en dit op groot skaal. Hulle is tot die tande toe gewapen en geen mens kan die dinge uit homself/haarself aanvat nie. Dit raak so erg vir die mens dat ons in vers 6 dit ook lees - *6 In daardie tyd sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal hulle ontwyk.* Hierdie goddelose mense, die uiterste van ongeloof het tot 'n punt gekom waar die ongelowiges hulle eie lewens wil neem; hulle word selfmoordenaars wat selfs in hulle pogings tot selfmoord nie slaag nie. Daarom dat ons ook na die sesde trompet moet oorgaan ...

As die sesde trompet blaas dan kom die baie oorloë wat daar al in die wêreld was net nog duideliker na vore. Dit gaan nie hier oor net een spesifieke oorlog wat daar al was of oorloë wat nog gaan kom nie. Oorlog is gewoon iets wat met duiwelse mag gevoer word en daarin is Satan in sy element. Met hierdie sesde trompet wat die oorloë aankondig gebeur daar 'n verdere merkwaardige ding. Johannes hoor tussen die vier horings van die altaar iets soos 'n stem wat duidelik praat. Die stem sê vir die sesde engel wat sy trompet so pas geblaas het - *Maak los die vier engele wat by die groot Eufraatrivier vasgemaak is.*

Hier gebeur in die mensewêreld iets baie aangrypend, eintlik ook baie tragies. Die duiwelse engele word losgemaak, demone raak vry. Die Eufraatrivier was vir die vroeëre volk van God die verste grens wat daar kan wees. Dit was dan ook die oostelike grens van die Romeinse ryk. As jy nou werklik jou grootste vyande wil teëkom het die vroeëre mens gedink dan moet jy die Eufraatrivier oorsteek. Vir Israel was die Babiloniërs en die Assiriërs die mense oorkant die Eufraatrivier. Waar groot oorloë vandaan kom is om dit van daardie kant af te verwag. Dit was hoe daar vroeër gedink was. Nou sien Johannes vier engele, bese engele, ons kan hulle ook

instrumente vir Satan noem, ja hulle staan reg om 'n baie groot deel van die mensdom met oorloë dood te maak. Dadelik merk ons weer op dat hulle kan ook niks doen as God hulle dit nie toelaat nie. Die opdrag kom van die trompetblaser, die sesde engel gee die duidelike opdrag - *maak los daardie vier engele wat by die groot Eufraatrivier vasgemaak is*. Hierdie vier bose engele kon alleen onder God se toelating losgemaak word.

En dan is dit asof die moeder van alle oorloë losbreek. Watter oorlog dit was en hoeveel sulke oorloë daar nog sal wees kan ons nie bepaal nie. Maar dat dit die moeder van oorloë lyk te wees is baie duidelik. Jou geld en jou bunker en jou bankrekening sal jou dan nie help nie. Baie baie mense is die oorlog ingetrek. Vers 16 probeer iets van 'n getal weergee as ons lees - *16 Die aantal perderuiters van hulle leërs was miljoene der miljoene en nog 'n keer soveel. Ek het hulle getal gehoor*. Dan kan ons ook nie anders as om in ons eie tyd dit wat Johannes geprofeteer het ook in ons tyd in te lees nie. Openbaring is vir alle tye geskryf, ongeag waar ek op die tydskaal my tussen Jesus se hemelvaart en sy finale koms mag bevind, Openbaring gebeur ook in ons tyd.

Nou die vraag wat sien ons in ons tyd gebeur. Die heidendom is al meer besig om die kerk in te bars. Die kamtig gelowiges begin op al groter skaal te dink en te maak soos wat heidene al oor baie eeue doen. Mense stroom uit die kerke uit. Mense raak al meer verward en raak al meer van Christus vervreemd. Die Eufraat rivier wat 'n tipe van grens voorstel, word op so baie wyses oorgesteek. Geestelik steek mense gevaarlike grense wat God gestel het oor. Ja, 'n mens wat hom/haar nie meer aan die grense wat God gestel het steur nie, raak al hoe gevaarliker. Geslag grense val weg, mans kan maar met mans omgaan, vroue met vroue, almal het hoog opgehewe regte huwelik grense val weg, ag ek kan mos maar saambly, saamslaap, ons is mos lief vir mekaar, ons hoef nie te trou nie. Hoor u die moderne mens met sy redenasies en selfregverdiging vir dit wat verkeerd is. Moet tog net nie waag dit te noem dat dit verkeerd is nie dan word jy die vark in die verhaal gemaak.

Die grens tussen kerk en wêreld, tussen reg en verkeerd word al meer verteken, erger nog die grense tussen geloof en ongeloof val weg. Geloof grense kan maar vrylik oorgesteek word, moet net nie my mensereg skend nie. Dis waar die Black lives matter en sulke ontaarde bewegings al meer momentum begin kry, het. Moet net nie die reg oorsteek dat jy 'n ander mens in sy eie

kantige reg benadeel nie, dan is die hel los. So asof die hel nie sal loskom van hierdie onderaardse skag waar dit uit sy diepte oopgemaak is en die rook soos uit 'n groot oond opgekom het nie. Nee jou hel word nou eerder ander mense. Asof die hel wat die Bybel beskryf nie bestaan nie, want vir baie bestaan die Satan nie. Daar is ook al meer mense wat glo dat God ook nie bestaan nie. Dis hoe ver so baie mense alreeds besig is om weg te sink.

Die vraag is waar staan ons vandag op hierdie dag. Ons wat kon sien hoe God selfs die bose as instrument vir Hom wat God is, kan gebruik. God se straf en oordeel oor die wêreld moet ons ophou om daarmee ompaadjes te wil loop en te maak of dit nie God is wat die mensdom deur die bose magte kan straf nie. Ons moet ook nooit aan God se oordele dink dat dit maar net hier en daar geïsoleerde gebeurtenisse is wat die wêreld nou en dan tref nie. Soos God se genade en God se liefde een groot eenheid is, Hy bly 'n genadige Vader, maar Hy is ook 'n regverdige God. Hy is Regter wat oordeel en wat sy eie koninkryk laat kom en sal beskerm. God se oordele is ook een groot eenheid. Hy is ook nou reeds besig met sy oordele en sal dit so wees tot op die laaste dag van hierdie aarde wanneer die finale oordeel sal gebeur.

Hy laat toe dat mense grense oorsteek, die grens oor ons Eufraat vervaag al meer, die grens tussen reg en verkeerd word al dowwer en wil dit my voorkom raak al meer verteken. Die mens het in so baie opsigte sy eie god geword. En dan is Openbaring daarmee ook vertrou. Ja, Genesis en Openbaring kom bymekaar uit want in Genesis het Satan die mens aangemoedig dat hy nie sal sterf as hy die boom eet nie, maar God is maar net bang dat die mens soos God sal word, daarom was daar grense in die paradys. 'n Sekere boom waarvan die mens nie mag geëet het nie. Hou gou het ons as mens daardie grens oorgesteek?! Die pogings van die mens om sy eie god te wees, ja hiermee saam om soos God te wil wees het ná die sondeval 'n sonde patroon geword.

Patrone het masjiengewere begin word, dit gebruik ook patrone, die helikopters en vegvliegtuie het weer hulle patrone wat lyk soos gevaarlike sprinkane en so sal dit aangaan. Die atoombom by Hiroshima was sekerlik al iets van die verskrikking wat Openbaring 9 nie verbygaan nie. Binne 'n straal van 'n half kilometer in enkele sekondes is 80 000 mense gedood. Die hitte was 10 000 grade Celsius. Die dik rook het uit hierdie stad uitgestyg, tekenend in wat ons begin lees het dat

'n skag word oopgesluit dat daar rook uitkom. Vir lank het na die eerste atoombom 'n wolk van duisternis oor die stad gehang. Dit was in 1945.

Die mens het eintlik geen ander keuse as om sy lewe in Christus te vind nie, want as jy in Hom nie lewe nie, dan het jy eintlik reeds jou lewe verloor. Dis maar 'n kwessie van tyd voor 'n derde wêreldoorlog kom. Ons kan nie datums koppel nie, moet ook nie met datums probeer rondspeel nie, maar weet maar dan sal daar van die kragte wat God Satan mee toelaat om hierdie wêreld te vernietig net nog meer sulke kragte wees. Hoeveel atoomenergie, hoeveel atoombomme dan ter sprake sal wees, weet ons ook nie, maar soos ek verstaan is die energie in een opgesluit al genoeg om 'n groot deel van die wêreld weg te brand. Alles in lyn met God wat sê die wêreld sal deur vuur vergaan. Die getalle is miljoene wat sal sterf, miljoene der miljoene en nog 'n keer soveel.

Waar sal ek en jy dan wees, ek spikkeltjie in hierdie grote heelal. Ons besef as sprinkane ysters begin word en atome word energie dan het vleis en bloed eintlik net spatsels geword. Die ergste is die meeste mense hoor hierdie dinge maar bekering is maar min. Die meeste mens soek inderdaad hulle eie ondergang. Is dit nie al oor en oor bewys nie, want soos Adam gemaak het, so probeer ons ook maak om van God en sy Woord en van God en sy Kerk te probeer wegkom, al sal ek ook probeer wegkruip. Hoe baie, hoe sterk het ons vyeblare intussen geword?!

AMEN